Sammy Marks

Met die jare het daar mense van dwarsoor die wêreld hul pad na Suid-Afrika gevind. Sommige van hierdie mense het diep spore in Suid-Afrika se geskiedenis getrap.

Een so ’n mens was **Sammy Marks**, ’n **Jood** uit Litaue, ’n klein landjie in die noordooste van Europa.

In Sammy Marks se huis

Grootwordjare

Sammy Marks is in 1843 in Neustadt-Sugind in Litaue gebore. [1] Hy was die seun van Mordechai Feit Marks en Miriam Cohen. Sy vader was ’n rondgaande kleremaker wat op die Litause platteland gewerk het.

Hy het in die **ortodokse** Joodse **tradisie** grootgeword. [2]

Engeland en die Kaapkolonie

Marks het op 16-jarige ouderdom na Sheffield in Engeland **geëmigreer**. Daar het familielede hom gehelp om ’n kleinhandelaar te word. Hy het later ’n klein werkswinkel gehad waar hy die **afwerking** van messe gedoen het. [3]

Marks het in 1868, op 24-jarige ouderdom, in die Kaapkolonie – toe ’n Britse **kolonie** – aangekom. [4]

Hy het by lede van die Joodse gemeenskap geld geleen. Daarmee het hy ’n perdekar en perde gekoop. Hy het hierna vir ’n tyd met goedkoop juweliersware en **tafelgerei** op die dorpe en plase van Wes-Kaapland **gesmous**. [1]

Die ontdekking van diamante

Ná nuus van die ontdekking van diamante (tussen 1866 en 1871) die Kaap bereik het, het Marks en sy swaer, Isaac Lewis, besluit om met ’n wavrag **delwersbenodighede** noord te reis.

Hulle het die benodighede verkoop en met die wins ’n winkeltjie in Kimberley opgerig. [2] Dit was die eerste **algemene handelaar** in Kimberley. [1]

Hulle het ook in diamante begin handel dryf en die French Diamond Mining Company gestig. [5] Hulle het aanvanklik diamante op **veilings** in die Kaap verkoop. Later het hulle ook hul eie **kleims ontgin**.

Die De Beers-**monopolie** het **op die lang duur** alle ander diamanthandelaars uit Kimberley verdryf. Marks-hulle het daarna plase aan die noordelike oewer van die Vaalrivier gekoop. Van hier af het hulle die delwerye van brandhout voorsien. [2]

Diamantmark op delwerye

Besigheid met die regering van die ZAR

Marks het in 1881 na Pretoria gereis en Paul Kruger, die president van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), ontmoet.

Die ZAR het geld in Marks se besighede **belê**. [4] Hierna het Marks se ondernemings **voordeel getrek** uit **konsessies** van die Transvaalse regering. [2] Hy het die Boereleiers se guns behou deur lenings en geskenke. Hy het byvoorbeeld vir Kruger gehelp om ‘n eiendomstransaksie wat hom ryk gemaak het, te **beklink**. [4]

Paul Kruger

Marks se besigheidsaktiwiteite

Vir die volgende meer as dertig jaar was Marks nou by die Transvaalse besigheidswêreld betrokke.

Dit het by goud begin, maar Marks se besigheidsbelange het gou uitgebrei. Hy was betrokke by bedrywe soos landbou, **lewende hawe**, steenkool, bosaanplanting en vervaardiging.

Hy het sy ondernemings in die 1980's uitgebrei met die oog op die reuse-**verbruikersmark** wat ná die ontdekking van goud op die **Witwatersrand** ontstaan het. [2]

Aansig van die Randse goudmyn

Goud

Ná die 1885 Barbertonse **goudstormloop** het Lewis & Marks hulself as belangrike sakeonderneming gevestig. Hulle het The Sheba Gold Mining Company Ltd – in 'n stadium waarskynlik die mees winsgewende besigheid in Transvaal – beheer. [2]

Marks en Lewis het die African and European Investment Company Co Ltd geskep. Dit het gou 'n belangrike **finansieringsmaatskappy** in die Witwatersrand geword, met 'n **beherende aandeel** in verskeie goudmyne. [5]

Steenkool en Vereeniging

Marks se een besigheid was om steenkool aan Kimberley te lewer. [2] Die Zuid-Afrikaansche en Oranje Vrystaatsche Mineralen en Mijnbouvereeniging is hiervoor gestig. Dit het die basis geword van die stad Vereeniging, wat rondom die **firma** se steenkoolmyn ontwikkel het. [5]

Teen die einde van eeu was Marks druk besig om 'n yster- en staalnywerheid aan

die gang te kry. Ná baie teleurstellings en terugslae het dit in 1911 op die stigting van die Unie-Staalkorporasie van Suid-Afrika uitgeloop. [2]

Marks het baie in **meganiese** nuwighede belang gestel. Hy het tydens besoeke na Brittanje fabrieke besoek, na nuwe **tegnieke** gekyk en **toerusting** aangekoop wat hy na Suid-Afrika teruggestuur het. [2]

Oorspronklike kantore van Yskor, Pretoria, op die hoek van Pretorius- en Paul Krugerstraat

Vervoer

Marks was nie by die bou van spoorwegprojekte betrokke nie. Hy het egter die regerings van die ZAR en die Oranje-Vrystaat (OVS) gedruk om 'n **spoorverbinding** oor die Vaalrivier te voltooi.

Dít het hy gedoen deur 'n opname te laat doen: hy het mense by die **driwwe** laat sit, wat dag en nag gemeet het hoeveel ton goedere die rivier oorgesteek het. Hy het bewys dat genoeg goedere vervoer is dat 'n spoorverbinding die moeite werd was. As gevolg hiervan is die spoorverbinding vroeër aangelê as beplan. Marks was dan ook 'n **geëerde** gas by die **inwyding** van die spoorverbinding in 1892.

Toe daar met die Johannesburg-Delagoabaaispoorlyn besig was, het hy met 'n steenkoolmyn in Oos-Transvaal op die plaas Schoongezicht begin. Toe die spoorlyn in 1894 voltooi is, kon hy brandstof aan die lokomotiewe, asook steenkool aan die skepe in Delagoabaai, verskaf. [2]

Landbou

Marks het na oplossings vir uitdagings in landbou en nuwe landboutegnieke gesoek.

Na hy die konsessie vir die **stook** van alkohol gekry het, het hy **rog** nodig gehad vir die **brouproses**. Transvaalse boere het egter nie genoeg rog geproduseer nie. Hy het dus hoë kwaliteit saad aangekoop en dit gratis aan boere uitgedeel. Hy het

ook beloof om als wat hulle geproduseer het, teen ’n goeie prys te koop. Hy het dieselfde reëling getref vir boere om vrugteboorde te plant vir sy konfytfabriek.

Hy het ook sy eie akkerbosse en vrugteboorde aangeplant, muil- en perdeplase aangelê en die Transvaalse mieliebedryf begin.

Ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het hy in geriewe vir **koelbewaring,** wat **bederfbare** voedsel kan stoor, belê.

Op sy eie plaas, Swartkoppies, wat oos van Pretoria geleë is, het hy **baanbrekerswerk** in wetenskaplike landbou gedoen. Hy het melkbeeste van hoë **gehalte geteel**, moderne ploegmetodes ontwikkel en Transvaal se eerste pomelo’s gekweek. [2]

1899

Ander besighede en nywerhede

Marks het met ’n reeks nuwe nywerhede by Eerste Fabrieken naby Pretoria begin. Dit het ’n glasfabriek, **leerlooiery** en skoenfabriek, vrugte- en vleisinmaakfabrieke, ’n brouery en **stokery** ingesluit. [2] Teen die 1890’s het sy moderne steenmaakfabriek, Vereeniging Brick & Tile Company Ltd, groot hoeveelhede stene van goeie gehalte gelewer. [3]

Sommige van hierdie bedrywe het misluk, maar ander het die **grondslag** vir ’n goeie **nywerheidsektor** in Transvaal gelê. [2]

Marks en Kruger

Marks was goeie vriende met en ’n bewonderaar van Paul Kruger. [5] Hy het die Boere en veral Kruger se uitkyk op die lewe verstaan. [1]

Hy was ’n gereëlde en welkome besoeker by Kruger se huis. Hulle het mekaar se geselskap geniet. Dit was altyd ’n lewendige **geredekawel**. Hulle het graag oor

die Bybel geargumenteer – Kruger was ’n Christen en Marks ’n Jood – en Kruger het graag met Marks **gekgeskeer** oor sy **kastige hardkoppigheid** oor godsdienskwessies. [4]

Kruger en ander **hoogwaardigheidsbekleërs** is ook gereeld op Marks se plaas ontvang. Die plaashuis het 40 kamers gehad sodat hy mense kon onthaal.

Marks het vir Kruger ’n standbeeld laat maak om hom te eer. Dit is kort voor die uitbreek van die oorlog deur Anton van Wouw, die beroemde Suid-Afrikaanse beeldhouer, voltooi, maar jare later eers opgerig.

Kruger het Marks toegelaat om die Transvaalse **munt** te gebruik om goue munte as aandenkings vir Marks se vriende te munt. [2]

Paul Kruger-monument

Anglo-Boereoorlog

Marks was nie werklik ’n **Uitlander** nie, omdat hy lank voor die ontdekking van goud reeds in die Transvaal was. Hy het aanvanklik nie in politiek belang gestel nie. Dit het egter met die **Jameson–inval** van 1895 verander.

Hy was skerp teen oorlog gekant en het sy bes probeer om die vrede te bewaar. In 1896 het hy selfs Engeland besoek om die Britse regering te probeer oortuig dat oorlog lank en duur sou wees. [2]

Toe die oorlog wel uitgebreek het, het Marks dit as ’n ramp en dwase fout van die Britse regering bestempel. Hy het ’n suksesvolle **draadsitter** gebly. Voor die besetting van Pretoria het hy sy plig as lojale burger van die Kruger-regering gedoen. Daarna het hy die **eed** van **neutraliteit** afgelê en Brittanje gedien. [4]

Hy het sy bes probeer om ’n vreedsame **skikking** te bereik en het met beide die Britse en Boereleiers gekommunikeer.

Marks het geld ingesamel vir **behoeftige** gesinne wat deur oorlog **ontwortel** is. Hy was ook lid van ’n komitee wat gestig is om die myne te beskerm. [2]

Toe die Boeregeneraals in 1902 oor vrede onderhandel, het hulle hul planne met Marks bespreek. Die **vredesberaad** in Vereeniging is op sy eiendom gehou. [4]

Naoorlogse politieke betrokkenheid

Ná die oorlog verby is, het hy vir ’n kort rukkie Milner se **verengelsingsplan** ondersteun. Tog het hy daarna vir generaal Louis Botha ondersteun, [4] en ’n getroue lid van Botha se Het Volk-party, wat in 1904 gestig is, geword. [6]

Tydens Uniewording het hy by die Suid-Afrikaanse Party aangesluit. Hy was lid van die **senaat**, al het hy selde in die **parlement** gepraat. Hy het wel ’n sterk invloed in die **wandelgange** gehad, deur sy verhouding met leiers soos Botha, generaal Jan Smuts en generaal Koos De la Rey. [2]

Marks het tot aan die einde van sy lewe in die senaat gedien. [2]

Jan Smuts

Generaal Koos de la Rey

Joodse betrokkenheid

Marks het Joodse onderwys- en godsdiensinrigtings ondersteun. Hy het geld na Litaue teruggestuur vir die **restourasie** van ’n **sinagoge**. Hy het ook befondsing voorsien vir die stigting van ’n Hebreeuse skool in Pretoria, en twee **leerstoele** vir Hebreeus aan die Universiteit van Kaapland en Witwatersrand befonds. [2]

Siekte en sterfte

Marks het in 1920, in die ouderdom van 76 jaar, ná siekte gesterf. [4]

Hy is in die in die begraafplaas aan Rebekkastraat, Pretoria-Wes begrawe. [2]

Sammy Marks-plein

Persoonlike lewe

Marks was met Bertha Guttman getroud. Hulle het twee dogters en vier seuns gehad wat hom oorleef het.

Marks was liggaamlik sterk met ’n uitstekende geheue. Hy was ’n uitstekende besigheidsman, maar het nie van die roetine van besigheid gehou nie. [2]

Sammy Marks en sy gesin

Hy het ‘n **gekruide** sin vir humor gehad, maar ook graag Bybelverse aangehaal. [1]

Hy was **alomgewild**, bekend vir sy **liefdadigheid** en gasvryheid. [2]

Sammy Marks-museum

Woordbank

afwerking	Om iets tot in die fynste besonderheid te voltooi.
algemene handelaar	Winkel waarin daar ’n groot verskeidenheid artikels verkoop word, amper soos die groot afdelingswinkels wat ons vandag ken, net baie kleiner.
alomgewild	Oral gewild; as almal van ’n persoon/iets hou.
baanbrekerswerk	Werk wat nuwe terreine ontsluit; voorloper; pionier.
bederfbare	Kos wat gou sleg of vrot word.
beherende aandeel	Om die grootste deel van iets te beheer of te bestuur.
behoeftige	Arm, gebrekkig; het hulp nodig.
beklink	Deurvoer; afhandel.

belê	Om geld vir ’n besigheid te gee met die hoop op ’n wins.
brouproses	Die proses waartydens bier gemaak word.
delwersbenodighede	Gereedskap wat delwers gebruik soos panne, pikke en grawe.
draadsitter	Iemand wat nie wil (of kan) kant kies nie.
driwwe	’n Vlak plek in ’n rivier waar dit meestal vir mense en diere maklik is om deur te kom.
eed	’n Verklaring waarby ’n mens God as getuie aanroep; ’n baie ernstige belofte.
finansieringsmaatskappy	Maatskappye wat aan iemand/’n saak geld gee.
firma	Maatskappy of sakeonderneming.
geëerde	Iemand wat baie eer en agting geniet.
geëmigreer	Jou land verlaat om in ’n ander land te gaan woon.
gehalte	Hoe goed of sleg iets is.
gekgeskeer	Om grappies te maak of die spot te dryf.
gekruide	Iemand wat kleurvolle taal gebruik, soms met vloekwoorde in.
gesmous	Om van plek tot plek te gaan en goedere te verkoop.
geteel	Diere bymekaarbring om kleintjies te kry.
goudstormloop	Die tyd toe mense holderstebolder na ’n plek gereis het om goud te soek.
grondslag	Dit waarop iets berus; die beginsel of fondament.
hardkoppigheid	Eiesinnig, iemand wat nie graag na raad luister nie en dinge doen soos hy of sy dit wil doen.
hoogwaardigheidsbekleërs	Iemand wat ’n hoë amp of posisie beklee.
inwyding	Om by ’n formele geleentheid iets in gebruik te neem.
Jameson–inval	Poging deur Britse amptenare en Uitlanders om die regering van die ZAR omvêr te werp.
Jiddisj	Taal van Jode in Sentraal- en Oos-Europa.
Jood	Iemand wie se godsdiens die Judaïsme is.
kastige	Nie werklik nie.
kleims	’n Stuk grond waarin daar moontlik waardevolle edelstene of minerale kan wees. So ’n stuk grond word dan deur ’n delwer (iemand wat na goud of diamante soek) vir homself afgepen of uitgehou om daarin te soek.

koelbewaring	Om bederfbare produkte in koelkamers te bewaar sodat dit nie sleg of vrot word nie.
kolonie	Gebied wat aan ’n ander staat/moondheid onderhorig en daarvan afhanklik is.
konsessies	Wanneer die regering die reg om sekere goedere of dienste te lewer aan een private individu of maatskappy toeken.
leerlooiery	’n Fabriek waar leer berei word sodat dit bruikbaar is.
leerstoele	Nie ’n fisieke stoel nie; die posisie van die professor met die hoogste gesag in ’n bepaalde vakgebied aan ’n universiteit.
lewende hawe	Diere of vee.
liefdadigheid	Die handeling van steun/geld/goed/ens. te gee aan mense wat arm/siek/ens. is en hulp nodig het.
meganiese	Werktuiglik; om iets met behulp van werktuie te doen.
monopolie	Dis die reg of beheer wat ’n maatskappye het om alleen met ’n sekere produk en/of in ’n sekere gebied handel te dryf.
munt	Die plek waar geld (munte) gemaak word.
neutraliteit	Nie kant kies nie.
nywerheidsektor	Daardie deel van die ekonomie waarin die bedrywe is wat grondstowwe verwerk.
ontgin	Delf, myn.
onthul	Met ‘n seremonie bekendstel aan die publiek.
ontwortel	Om iets uit die bekende los te ruk.
op die lang duur	Op die ou end of uiteindelik.
ortodokse	Om streng vas te hou aan die leer van jou geloof.
parlement	Daardie liggaam in ’n land wat die wette maak.
geredekawel	Om van iemand te verskil.
restourasie	Die opknap/herstel/herbou van die hele of ’n belangrike deel van ’n ou gebou/kunswerk om dit so noukeurig moontlik terug te bring na die vorm wat dit oorspronklik of in ’n vorige tyd gehad het.
rog	’n Soort graan waarvan mens sterk drank kan maak.
senaat	Die kleiner en minder belangrike deel van die parlement (die liggaam wat wette maak).
sinagoge	Plek waar Joodse mense hul godsdienstige byeenkomste hou.
skikking	’n Saak oplos deur van albei kante toe te gee.

spoorverbinding	Wanneer twee spoorlyne met mekaar verbind word.
stokery	’n Fabriek waar sterk drank gemaak word.
stook	Om alkoholiese drank te maak deur dit te kook en dan te laat afkoel.
tafelgerei	Dit wat gebruik word tydens ’n ete, soos messegoed, tafellinne, glas- en porseleinware, ens.
tegnieke	Bedrewenheid om iets te doen.
toerusting	Dit wat nodig is om iets te vervaardig/maak.
tradisie	Oorgelewerde sedes, gewoontes, kultuurwaardes van ’n volk.
Uitlander	Goudsoekers in die Witwatersrand wat van ander lande afgekom het. Meeste van hulle was Britte.
veilings	Openbare verkoping aan die persoon wat die hoogste bod maak; vandisie; vendusie.
vennoot	Een van twee of meer eienaars van ’n besigheid/onderneming.
verbruikersmark	Mark van mense wat goedere of dienste vir persoonlike gebruik koop.
verengelsingsplan	Die Britse regering wou probeer om die Afrikaners almal net Engels te laat praat.
voordeel getrek	Wanneer iets vir jou goed is.
vredesberaad	Konferensie waar vrede bespreek word.
wandelgange	Breë gange in ’n gebou waar belangrike vergaderings gehou word, soos die parlementsgebou.
Witwatersrand	Gebied in Suid-Afrika waar goud in die 1880’s ontdek is. Die stad Johannnesburg het daar rondom ontstaan.

Lees hierdie artikels om nog meer te leer oor Sammy Marks

- **Die myn van diamante in Suid-Afrika**
- **Wie was die Boere met wie Marks besigheid gedoen het?**
- **Die geskiedenis van Pretoria, die stad waar Sammy Marks in Suid-Afrika gewoon het**

Kyk hierdie video’s om nog meer te leer oor Sammy Marks

Wie was Sammy Marks?

Die Sammy Marks Museum in Pretoria

Die geskiedenis van Kimberley se diamantmyn, die Groot Gat

Kruger en Marks was besonder goeie vriende